24.3 Eerstespankultuurbaadjie

Die baadjie word aan 'n leerder toegeken gebaseer op hul veelsydige deelname en prestasie in kultuuraktiwiteite oor 'n tydperk van drie volgehoue jare. Hierdie baadjie word tydens die betrokke Meriete-aand oorhandig. Volgehoue deelname beteken dat die leerder vir die volle duur van die seisoen deelgeneem het aan die betrokke aktiwiteite.

24.3.1 'n Leerder wat in Graad 8, 9 en 10 aan ten minste drie verskillende kultuuraktiwiteite deelgeneem en presteer het, ontvang die eerstespankultuurbaadjie in hul Graad 11-jaar.

24.3.2 'n Leerder wat in Graad 9, 10 en 11 aan ten minste drie verskillende kultuuraktiwiteite deelgeneem en presteer het, ontvang die eerstespankultuurbaadjie in hul Graad 12-jaar.

## 25. DRAMA

25.1 'n Leerder ontvang erekleure indien hy/ sy:

25.1.1 vyf A+'e behaal in vyf verskillende afdelings op twee of meer kunswedstryde, asook die Eldo-Kunstefees.

25.1.2 'n algehele Hoërskoolwenner by 'n kunswedstryd is. Deelname aan twee (2) of meer kunswedstryde is 'n vereiste asook deelname aan die Eldo-Kunstefees.

25.1.3 onder die top tien van enige nasionale kompetisie eindig, asook deelname aan die Eldo-Kunstefees

25.1.4 vir die derde jaar kwalifiseer vir kleure.

25.2 'n Leerder ontvang kleure indien hy/ sy:

- 25.2.1 vyf A's in vier verskillende afdelings op twee of meer kunswedstryde (A+ = 2 A's) behaal, asook deelname aan die Eldo-Kunstefees.
- 25.2.2 wenner van 'n groepwerk-trofee op 'n kunswedstryd / kategorie-wenner van 'n afdeling is. Deelname aan twee of meer kunswedstryde is 'n vereiste, asook deelname aan die Eldo-Kunstefees.
- 25.2.3 vir die derde jaar kwalifiseer vir meriete.

25.3 'n Leerder ontvang meriete indien hy/ sy:

- 25.3.1 drie A's en twee B's of vyf B's behaal, maar dit moet by twee of meer kunswedstryde verwerf word.
- 25.3.2 wenner van die Kultuurkarnaval drama-afdeling is, mits 80% behaal is, graadwenner van kultuurkarnaval, mits 80% behaal is.
  - o Voordragkonsert program uitslae tel twee keer.
  - o Gilde: Met lof = A++<br>Eervol = A+<br>Slaag = A

## 26. INSTRUMENTAAL

26.1 'n Leerder ontvang erekleure indien hy/ sy:

- 26.1.1 die TRINITY / UNISA-eksamen (Graad 6 tot 8) met lof slaag (85%+).
- 26.1.2 die Junior Toonkunstenaarskapeksamen (musiekteorie Graad 5 of 6) met lof slaag
- 26.1.3 op UNISA se ererol verskyn: Graad 5-8.
- 26.1.4 'n beurswenner by UNISA, of ander eksameninstansie is.
- 26.1.5 wenner van 'n kompetisie is waaraan al die Gauteng-skole kan deelneem, soos bv. ATKV.
- 26.1.6 vier A+'e behaal by twee of meer kunswedstryde vir vier verkillende stukke, asook deelname aan die Eldo-Kunstefees.
- 26.1.7 verkies word tot die Gauteng Kamerorkes/ Pretoria universiteitsorkes of enige ander erkende professionele orkes, wat musiek op provinsiale vlak verteenwoordig en bevorder.
- 26.1.8 vir drie jaar optree in 'n skoolorkes vir operettes, kultuurproduksies en kompetisies/optredes vir die volle seisoen.
- 26.1.9 vir drie jaar, vir die volle seisoen in ELDO MUSIQ ensemble, mits die ensemble aan twee of meer kompetisies deelgeneem het.

26.2 'n Leerder ontvang kleure indien hy/ sy:

- 26.2.1 die TRINITY / UNISA-eksamen (Graad 6 – 8) met eervolle vermelding slaag (75-85% UNISA tot 86% Trinity)
- 26.2.2 met die graad 3 tot 4 Unisa-eksamen op Unisa se ererol verskyn (90%+).
- 26.2.3 die Junior Toonkunstenaarskapeksamen (musiekteorie Graad 5 of 6) met eervolle vermelding slaag.
- 26.2.4 die TRINITY / UNISA musiekteorie-eksamen Graad 4 met lof slaag.
- 26.2.5 vier A's oor 2 of meer kunswedstryde behaal vir vier verskillende stukke, asook deelname aan die Eldo-Kunstefees.
- 26.2.6 kategorie-wenner in 'n afdeling by 'n kunswedstryd is. Deelname aan 'n minimum van twee kunswedstryde word vereis asook deelname aan die Eldo-Kunstefees.

26.2.7 'n A+ behaal vir enige groepwerk op die Pretoria Eisteddfod of ander kunswedstryd. Deelname aan 'n minimum van twee kunswedstryde word vereis, asook deelname aan die Eldo-Kunstefees.
26.2.8 twee jaar, vir die volle seisoen, optree in die skoolorkes vir operettes, kompetisies/optredes en kultuurproduksies
26.2.9 twee jaar, vir die volle seisoen, in ELDO MUSIQ ensemble, mits die ensemble aan twee of meer kompetisies deelgeneem het.

26.3 'n Leerder ontvang meriete indien hy/ sy:
26.3.1 die TRINITY / UNISA-graad 3 tot 5 eksamens met lof slaag (85%+).
26.3.2 die TRINITY / UNISA Graad 6 – 8 eksamen slaag.
26.3.3 die Junior Toonkunstenaarskapeksamen (musiekteorie Graad 6) – of Graad 4, 5 eksamen eervolle vermelding.
26.3.4 die wenner van die Eldo-Kunstefees se instrumentale afdelings is, indien 80% behaal is.
26.3.5 een A of twee B's of twee A's en twee B's óf vyf B's behaal by twee of meer kunswedstryde.
26.3.6 een jaar, vir die volle seisoen, in die skoolorkes vir operettes, kompetisies/optredes en kultuurproduksies.
26.3.7 een jaar, vir die volle seisoen, optree as lid van die ELDO MUSIQ ensemble, mits die ensemble aan twee of meer kompetisies deelgeneem het.

## 27. KOOR

27.1 'n Leerder ontvang erekleure indien hy/ sy:
27.1.1 'n lid van die skoolkoor wat aan Eisteddfod / Applous / Sing in Harmonie / SCST / ATKV finaal, of enige nasionale of internasionale kompetisie deelneem waar 'n uitslag van 85% / A+-simbool / goud ontvang word.
27.1.2 vir vyf jaar met 'n 75% bywoning van oefensessies, kompetisies en optredes 'n koorlid was.
27.1.3 vir een jaar lid van Gauteng-Noord Jeugkoor / Jakaranda Kinderkoor / UP-Kinderkoor / enige erkende provinsiale / nasionale jeugkoor en lid van skoolkoor is.

27.2 'n Leerder ontvang kleure indien hy/ sy:
27.2.1 'n lid van die skoolkoor wat aan Eisteddfod / Applous / Sing in Harmonie / SCST / ATKV finaal, of enige nasionale / internasionale kompetisie deelneem waar die uitslag van 80% / B-simbool / silwer ontvang word.
27.2.2 'n lid van die skoolkoor vir 'n minimum van drie jaar was, wat 75% van oefeninge, kompetisies en optredes bygewoon het.
27.2.3 as lid van die skoolkoor, vir vier jaar en 75% van oefeninge, kompetisies en optredes bygewoon het.

27.3 'n Leerder ontvang meriete indien hy/ sy:
27.3.1 'n lid van die skoolkoor wat aan Eisteddfod / Applous / Sing in Harmonie / SCST / ATKV deelneem en 70% / C-simbool / Brons ontvang.
27.3.2 'n Lid van die koor vir twee jaar wat 75% van oefeninge, kompetisies en optredes bywoon, ontvang 'n tweede meriete.
27.3.3 'n Lid van die koor vir een jaar wat 75% van oefeninge, kompetisies en optredes bygewoon het.

27.4 Spesiale toekenning:
Koorvoorsitters wat vir 'n termyn van een jaar dien, kry erkenning vir leierskap.

## 28. KUNS

28.1 'n Leerder ontvang erekleure indien hy/ sy:

- 28.1.1 twee A+'e (of twee A++'e) (of een A+ en een A++) behaal by 'n kunswedstryd /kompetisie. Hierdie geld ook indien die twee simbole by twee aparte kunswedstryde/ kompetisies behaal word.
- 28.1.2 wenner van 'n kunswedstryd/kunskompetisie by nasionale of provinsiale vlak is.

28.2 'n Leerder ontvang kleure indien hy/ sy:

- 28.2.1 twee A's óf een A+ óf een A++ by 'n kunswedstryd/ kunskompetisie behaal.
- 28.2.2 werk gepubliseer word of deel vorm van 'n publikasie of uitstalling.
- 28.2.3 'n tweede plek by 'n kunswedstryd/kunskompetisie op nasionale of provinsiale vlak behaal.

28.3 'n Leerder ontvang meriete indien hy/ sy:

- 28.3.1 twee B's, óof een A by 'n kunswedstryd behaal.
- 28.3.2 'n derde plek by 'n kunswedstryd/kunskompetisie op nasionale of provinsiale vlak behaal.
- 28.3.3 genooi word om by die GDO-uitstalling hulle werk uit te stal.
- 28.3.4 'n wenner van die kultuurkarnaval en/of Eldo-Kunstefees se kunsafdeling mits 'n minimum A-simbool behaal is. So ook die graadwenner van die kultuurkarnaval en/of Eldo-Kunstefees, mits 'n minimum van 'n A-simbool behaal is.
- 28.3.5 'n lid van die Kunsstudio, vir kwartaal een tot kwartaal drie, is en wat 80% van die klasse bygewoon het.

28.4 Trofee:

- 28.4.1 Tydens die Akademiese meriete-aand ontvang die leerder (uit elke graad) wat die beste presteer het in die praktiese komponent (retrospektiewe punt), asook die leerder wat die beste presteer het in die jaarpunt (SBA) / promosiepunt (PP), 'n trofee, afhangend van die graad en datum van die meriete-aand.
- 28.4.2 Tydens die Akademiese meriete-aand ontvang elke leerder (Graad 8–12) wat die hoogste akademiese punte in die vakke Visuele Kuns en Ontwerp behaal, 'n trofee. Hierdie trofee verteenwoordig die algehele vaktoekenning vir die leerder met die hoogste gekombineerde praktiese en teoretiese uitslae. Tydens die akademiese meriete-aand kry elke leerder (vir graad 8-12) wat die hoogste akademiese punte behaal vir die akademiese vakke Visuele Kuns en Ontwerp 'n trofee. Hierdie is die Algehele vak trofee vir die leerder met die gekombineerde hoogste algehele praktiese en teoretiese uitslae.
- 28.4.3 Daar is twee trofeë in die VOO-fase, naamlik die Algehele vaktrofee (gebaseer op die SBA-punt in Graad 12 en die promosiepunt in Graad 8–11) en die Praktiese trofee (gebaseer

op die retrospektiewe punt). Die leerder wat die Algehele vaktrofee ontvang, sal nie ook in aanmerking kom vir die Praktiese trofee nie, aangesien die leerder reeds erkenning ontvang het vir die beste praktiese en teoretiese uitslae. Indien dieselfde leerder die hoogste SBA- of PP-punt én die hoogste praktiese (retrospektiewe) punt behaal, sal die Praktiese trofee aan die tweede beste praktiese kandidaat toegeken word. Dit verseker dat twee verskillende leerders erkenning ontvang.

## REDENAARS / ORATORS / TWEETALIG

Let wel: 'n Erkende kompetisie verwys na kompetisies soos bevestig deur die betrokke promotors aan die begin van die taalkunsseisoen.

### 29. REDENAARS

29.1. 'n Leerder ontvang erekleure indien hy/sy as spanredenaar / individuele spreker:

- 29.1.1 deurdring na die ATKV landswye finaal om Noord-Gauteng te verteenwoordig
- 29.1.2 algehele wenner(s) is van 'n erkende eksterne redenaars-kompetisies op nasionale vlak.
- 29.1.3 vir vier jaar lid is van 'n redenaarspan en 'n A-simbool gemiddeld handhaaf.

29.2 'n Leerder ontvang kleure indien hy/sy as spanredenaar / individuele spreker:

- 29.2.1 aan die ATKV Noord-Gauteng semi-finaal deelneem.
- 29.2.2 deurdring na 'n erkende eksterne redenaarskompetisie op nasionale vlak.
- 29.2.3 vir drie jaar lid is van redenaars en 'n A-simbool gemiddeld handhaaf.
- 29.2.4 as graadwenner by die interne kompetisie aangewys word.
- 29.2.5 die junior/senior afdeling by die interne kompetisie wen.

29.3 'n Leerder ontvang meriete indien hy/sy as spanredenaar / individuele spreker:

- 29.3.1 'n A-simbool behaal tydens 'n erkende redenaarskompetisie.
- 29.3.2 vir twee jaar lid is van redenaars en 'n A-simbool gemiddeld handhaaf.
- 29.3.3 'n tweede of derde plek by die interne kompetisie behaal.

### 30. TWEETALIGE REDENAARS

30.1 'n Leerder ontvang erekleure indien hy/sy as spanredenaar / individuele spreker:

- 30.1.1 algehele wenner(s) is van 'n erkende eksterne redenaars-kompetisies op nasionale vlak.
- 30.1.2 vir vier jaar lid is van tweetalige redenaars en 'n A-simbool gemiddeld handhaaf.

30.2 'n Leerder ontvang kleure indien hy/sy as spanredenaar / individuele spreker:

- 30.2.1 deurdring na 'n erkende eksterne redenaarskompetisie op nasionale vlak.
- 30.2.2 vir drie jaar lid is van 'n tweetalige redenaarspan en 'n A-simbool gemiddeld handhaaf.

30.3 'n Leerder ontvang meriete indien hy/sy as spanredenaar / individuele spreker:

- 30.3.1 'n A-simbool behaal tydens enige tweetalig redenaarskompetisie.
- 30.3.2 vir twee jaar lid is van tweetalige redenaars en 'n A-simbool gemiddeld handhaaf.

**31. ORATORS**

31.1 'n Leerder ontvang erekleure indien hy/sy as spanredenaar / individuele spreker:

- 31.1.1 algehele wenner(s) is van 'n erkende Noord-Gauteng kompetisie.
- 31.1.2 algehele wenner(s) is van 'n erkende eksterne kompetisie op nasionale vlak.
- 31.1.3 vir vier jaar lid is van Orators en 'n A-simbool gemiddeld handhaaf.

31.2 'n Leerder ontvang kleure indien hy/sy as spanredenaar / individuele spreker:

- 31.2.1 deurdring na 'n erkende Noord-Gauteng kompetisies se finaal.
- 31.2.2 deurdring na die finaal van 'n erkende kompetisie op nasionale vlak.
- 31.2.3 vir drie jaar lid is van Orators en 'n A-simbool gemiddeld handhaaf.
- 31.2.4 graadwenner is by die Interne kompetisie.
- 31.2.5 die junior/senior afdeling by die Interne kompetisie wen.

31.3 'n Leerder ontvang meriete indien hy/sy as spanredenaar / individuele spreker:

- 31.3.1 'n A-simbool behaal tydens enige Orators-kompetisie.
- 31.3.2 vir twee jaar lid is van Orators en 'n A-simbool gemiddeld handhaaf.
- 31.3.3 'n tweede of derde plek by die interne Orators-kompetisie behaal.

**32. DEBAT**

32.1 'n Leerder ontvang erekleure indien hy/ sy:

- 32.1.1 drie keer kleure in dieselfde afdeling kry.
- 32.1.2 streekwenner(s) is in 'n nasionale kompetisie (d.w.s. as hulle na 'n finale of eindrondte gepromoveer is), ATKV, Con Spirito Oppie Tong Af of National Schools Moot Court Competition.
- 32.1.3 algehele wenner(s) van ATKV, Con Spirito, Oppie Tong Af of National Schools Moot Court Competition is.
- 32.1.4 vir vier jaar lid van 'n debatspan wat deurdring na die tweede rondte van die ATKV, Con Spirito, Oppie Tong Af of National Schools Moot Court Competition.

32.2 'n Leerder ontvang kleure indien hy/ sy:

- 32.2.1 drie keer meriete in dieselfde afdeling kry.
- 32.2.2 deelneem aan die ATKV en/of Con Spirito of Oppie Tong Af semi-finaal streekuitdunne en/of na die voorlaaste uitdun deurdring.
- 32.2.3 deelneem aan die National Schools Moot Court Competition se mondelingse rondte en deurdring na die finaal.

32.2.4 as wenner van enige ander amptelike debatskompetisie bv. Afriforum se Dink-of-Sink) waaraan verskeie skole deelgeneem het, aangewys word.

32.2.5 drie jaar lid is van die debatspan en deelneem aan minstens twee amptelike kompetisies elke jaar.

32.2.3 'n Leerder ontvang kleure indien hy/ sy:

32.3.1 twee jaar deel is van die debatspan en deelneem aan minstens twee amptelike kompetisies elke jaar.

32.3.2 deurdring na die mondelingse rondte van die National Schools Moot Court Competition.

32.2.4 Trofeë:

Trofeë word toegeken aan 'n leerder of span wat die hoogste prestasie behaal het: 'n semi-finaal, finaal of as wenners van 'n nasionale kompetisie soos ATKV, Con Spirito of Dink of Sink/Oppie tong af. Slegs die hoogste prestasie word in ag geneem. Dit mag dalk gebeur dat dit die trofee gedeel word met 'n ander span wat 'n soortgelyke prestasie behaal het. Die volgende trofee word toegeken:

Beste Junior Debatspan

Beste Senior Debatspan

Best Junior/Senior debater/team (vir deelname aan engelse debat)

## 33. SANG

Eldo-Zing deelname is 'n vereiste vir die ontvang van enige toekennings, asook die Eldo-Kunstefees. Sangers wat vir drie jaar in 'n ry meriete ontvang, mag die vierde keer kleure ontvang, so ook sangers wat vir drie jaar in 'n ry kleure ontvang, mag die vierde keer erekleure ontvang.

33.1 'n Leerder ontvang erekleure indien hy/ sy:

33.1.1 'n medalje-wenner (groep of individu) is in 'n kompetisie (bv. SATCH, SACOPA, SA CHAMPS, Pretoria Eisteddfod) waaraan alle Gautengse skole kan deelneem.

33.1.2 'n finalis is in 'n nasionale kompetisie of deur 'n geakkrediteerde kompetisie genooi word om deel van die Nasionale span te vorm.

33.1.3 3A++'e en 3 A+'e vir vier verskillende genres verwerf op twee of meer kunswedstryde.

33.2 'n Leerder ontvang kleure indien hy/ sy:

33.2.1 wenner(s) in 'n kompetisie op streeksvlak (gelykstaande aan Centurion Kunstefees) of kategoriewenner is, mits leerder 2 A +'e en 3 A's in 3 verskillende genres verwerf by twee of meer kunswedstryde.

33.2.2 twee A+'e en 5A's verwerf in drie verskillende genres by twee of meer kunswedstryde.

33.3 'n Leerder ontvang meriete indien hy/ sy:

33.3.1 drie A's en 2 B's óf vyf B's behaal op twee of meer kunswedstryde.

33.3.2 wenner van die kultuurkarnaval se sang-afdeling is, mits 80% behaal is.

33.3.3 graadwenner van die kultuurkarnaval is, mits 80% behaal is.

## 34. TONEEL

34.1 ‘n Leerder ontvang erekleure indien hy/ sy:

- 34.1.1 wenner van enige nasionale of streekstoneelkompetisie (bv. 'n Pronk Podium-streek, FAK-streek of ATKV-streek), aangewys word.
- 34.1.2 as wenner van die ATKV-Tienertoneelkompetisie se streeksfinaal aangewys word.
- 34.1.3 ‘n finalis by die ATKV-Tienertoneelkompetisie se landsfinaal (Top-10) is.
- 34.1.4 ‘n individuele toekenning vir spel of tegniese vaardighede op nasionale vlak (byvoorbeeld ATKV Goue-penning vir spel) verwerf.
- 34.1.5 ‘n individuele toekenning (goud) vir spel of tegniese vaardighede op streeksvlak verwerf.
- 34.1.6 ‘n minimum van vyf silwer sertifikate / toekennings by twee of meer kunstefeeste verwerf.
- 34.1.7 vir twee jaar ‘n regisseur van 'n tienertoneel is wat vereistes vir *kleure* behaal.
- 34.1.8 twee jaar regisseur van 'n tienertoneel is wat vereistes vir *kleure* behaal.
- 34.1.9 kleure vir die derde maal ontvang.
- 34.1.10 vir vier jaar gedien het as tegniese bestuurder van 'n tienertoneel wat aan die vereiste kompetisies deelgeneem het.

34.2 ‘n Leerder ontvang kleure indien hy/ sy:

- 34.2.1 ‘n minimum van drie silwer sertifikate / toekennings by twee of meer kunstefeeste verwerf.
- 34.2.2 as regisseur twee silwer sertifikate / toekennings behaal.
- 34.2.3 ‘n finalis in enige of streekstoneelkompetisie (bv. 'n Pronk Podium streek, FAK streek of ATKV streek) is.
- 34.2.4 ‘n finalis in die ATKV-tienertoneelkompetisie se streeksfinaal is.
- 34.2.5 ‘n individuele toekenning (brons) vir spel of tegniese vaardighede op streeksvlak verwerf.
- 34.2.6 meriete vir die derde maal ontvang.
- 34.2.7 twee jaar ‘n regisseur van 'n tienertoneel is wat vereistes vir *meriete* behaal.
- 34.2.8 een jaar regisseur van 'n tienertoneel is wat vereistes vir *meriete* behaal.
- 34.2.9 as tegniese bestuurder opgetree het van 'n toneel wat aan die vereistes vir *erekleure* voldoen.
- 34.2.10 Deelgeneem het aan enige twee toneelfeeste wat nie kompetisies is nie, bv. Helpmekaar Kollege Toneelfees.
- 34.2.11 wenner van die Interne Toneelfees is.
- 34.2.12 wenner van enige afdeling by Interne Toneelfees is.

34.3 ‘n Leerder ontvang meriete indien hy/ sy:

- 34.3.1 ‘n minimum van silwer sertifikate / toekennings by twee of meer kunstefeeste verwerf.
- 34.3.2 ‘n finalis by die Interne toneelfees is.
- 34.3.3 ‘n nominant van enige afdeling by Interne Toneelfees is.
- 34.3.4 bo 80% gemiddeld by Interne toneelkompetisie behaal.
- 34.3.5 een jaar ‘n regisseur van 'n tienertoneel was waar die toneel brons of die ekwivalent daarvan by erkende kunstefees behaal.

34.3.6 een jaar tegniese bestuurder van 'n tienertoneel was waar die toneel twee brons sertifikate / toekennings by 'n erkende kunstefees behaal.

34.3.7 een jaar regisseur van 'n tienertoneel was wat vereistes vir *meriete* behaal.

34.4 Trofeë:

34.4.1 Die toekenning van die trofee word bepaal deur die leerder met die meeste en hoogste toekennings in die betrokke afdeling. Byvoorbeeld: 'n leerder wat vier goue sertifikate en twee silwer sertifikate vir spel by meer as een nasionale toneelfees behaal het, sal die beker vir beste akteur/aktrise ontvang bo 'n leerder wat slegs drie goue sertifikate en drie silwer sertifikate behaal het.

34.4.2 'n Leerder wat as kategoriefinalis by 'n fees aangewys is of as kategoriewenner bekroon is, kom ook in aanmerking. Dit is moontlik dat nie elke trofee noodwendig jaarliks toegeken word nie. Die volgende trofee kan toegken word:
Beste Akteur
Beste Ondersteunende Akteur
Beste Aktrise
Beste Ondersteunende Aktrise
Beste Ensemble spel (vir groep)
Beste Dramaturg (skrywer van teks)
Beste Regisseur
Beste Verhoogbestuurder
Beste Klankoperateur
Beste Beligtingsoperateur
Beste Toneel (vir groep)
Besondere tegniese bydrae (hierdie kategorie sluit leerders in wie besondere diens lewer by toneelfeeste bv. die verhoogbestuurder by meer as een skoolfees soos 'n Interne Toneelfees, Eldo-FAK streeksfees, skool produksie, ens.)

## 35. SKRYFKUNS

35.1 'n Leerder ontvang erekleure indien hy/ sy:

35.1.1 deelneem aan 'n provinsiale, nasionale of internasionale kompetisie en 'n top-3 plek behaal.

35.1.2 gepubliseer word in 'n tydskrif/bundel/boek.

35.2 'n Leerder ontvang kleure indien hy/ sy:

35.2.1 deelneem aan 'n provinsiale, nasionale of internasionale kompetisie en 'n top-10 plek behaal.

35.3 'n Leerder ontvang meriete indien hy/ sy:

35.3.1 deelneem aan kunstefeeste en 'n top-10 plek behaal.

35.3.2 'n manuskrip voltooi.

35.3.3 deelneem aan *colab*-projekte.

35.4 Trofeë*:

35.4.1 Sunette Kotze Myburgh Wisseltrofee vir die mees gevorderde digter: Digters wat reeds in 'n bundel gepubliseer is, of hul eie bundel gepubliseer het.

35.4.2 Viva-Afrikaans Wisseltrofee vir die mees gevorderde skrywer in Afrikaans: Skrywers in die Afrikaanse taal wat ver gevorder is met hul stories en gereed is om by 'n uitgewer in te dien vir keuring.

35.4.3 Naledi-Uitgewery Wisseltrofeë vir die mees gevorderde skrywer in Engels: Skrywers in die Engelse taal wat ver gevorder is met hul stories en gereed is om by 'n uitgewer in te dien vir keuring.

*Elke wisseltrofee is die eiendom van VasgeINK-skryfskool en word landswyd aan verskeie leerders wat deel van die skryfskool vorm uitgedeel. Wenners word bekendgestel tydens die INKfees.

## 36. DANS

36.1 Algemene vereistes:

36.1.1 Die Eldo-kunstefees is 'n vereiste vir enige toekennings.

36.1.2 Simbole:

A++ = 96+%
A+ = 90 – 95%
A = 80 – 89%
B = 70 – 79%
C = 60 – 69 %

36.13 Dansers wat vir drie jaar agtereenvolgens meriete ontvang, mag die vierde keer kleure ontvang, so ook dansers wat vir drie jaar in 'n ry kleure ontvang, mag die vierde keer erekleure ontvang, mits daar prestasies ingegee is, wat die jaar behaal is.

36.2 'n Leerder ontvang erekleure indien hy/ sy:

36.2.1 vyf simbole van 90% (A+) en hoër behaal op ten minste twee erkende danskompetisies of Eisteddfods, asook die dansafdeling van die Eldo-Kunstefees. Dansers wat in 'n solo hierdie punte behaal, word hoër geag as leerders wat in groepe die punte verwerf.

36.2.2 aan 'n erkende kompetisie die land op nasionale vlak verteenwoordig. Die leerder moet dus deelneem aan 'n inter-nasionale kompetisie. Let wel: 'n Leerder wat kwalifiseer maar nie deelneem nie kan nie in aanmerking gebring word vir 'n trofee nie.

36.2.3 *Honours with distinction* kry vir 'n senior eksamen by 'n erkende assosiasie. Senior eksamens geld vir ballet vanaf Pre-Elementary. Die graad van die eksamen moet ooreenstem met die ouderdomsgroep van die danser; byvoorbeeld, 'n leerder in Graad 10 is ongeveer 16 jaar oud en behoort dus 'n Graad 10- of hoër eksamen af te lê.

RAD (Royal Academy of Dance) – 75%
DASA – 80%
Ceccetti Society – 80%
SABOD (South African Body of Dance) – 80%

36.3 'n Leerder ontvang kleure indien hy/ sy:

36.3.1 vyf simbole van 80-89% (A) behaal op ten minste twee erkende danskompetisies of Eisteddfods, asook die dansafdeling van die Eldo-Kunstefees. Dansers wat in 'n solo hierdie punte behaal, word hoër geag as leerders wat in groepe die punte verwerf.

36.3.2 aan 'n erkende kompetisie die land op provinsiale vlak verteenwoordig.

36.3.3 gekies is om die land op nasionale vlak te verteenwoordig, maar fisies nie kan nie, hetsy as gevolg van 'n besering of finansiële implikasies.

36.3.4 onder die eerste tien plekke op nasionale vlak eindig in 'n kompetisie.

36.3.5 *Honours* kry vir 'n senior eksamen by 'n erkende assosiasie. Senior eksamens geld vir ballet vanaf Pre-Elementary. Die graad van die eksamen moet ooreenstem met die ouderdomsgroep van die danser; byvoorbeeld, 'n leerder in Graad 10 is ongeveer 16 jaar oud en behoort dus 'n Graad 10- of hoër eksamen af te lê.
RAD (Royal Academy of Dance) – 65%
DASA – 70%
Ceccetti Society – 70%
SABOD – 70%

36.4 'n Leerder ontvang meriete indien hy/ sy:

36.4.1 drie simbole van 70 – 79% (B) en een simbool van 60 – 69% (C) behaal op ten minste twee erkende danskompetisies of Eisteddfods, asook die dansafdeling van die Eldo-Kunstefees. Dansers wat in 'n solo hierdie punte behaal, word hoër geag as leerders wat in groepe die punte verwerf.

36.4.2 aan 'n erkende kompetisie deelgeneem het.

36.4.3 as wenner van die danskunswedstryd/ kultuurkarnaval se dansafdeling aangewys word, mits 80% behaal is.

36.4.4 'n senior eksamen by 'n erkende assosiasie afgelê het. Senior eksamens geld vir ballet vanaf Pre-Elementary. Die graad van die eksamen moet ooreenstem met die ouderdomsgroep van die danser; byvoorbeeld, 'n leerder in Graad 10 is ongeveer 16 jaar oud en behoort dus 'n Graad 10- of hoër eksamen af te lê.
RAD (Royal Academy of Dance) – 55%
DASA – 60%
Ceccetti Society – 60%
SABOD – 60%

36.5 Bepalings vir trofee:

36.5.1 Juniors:

- Geld vir 'n graad 8- of graad 9-leerder wat in die betrokke jaar die beste toekennings ontvang het.
- Die leerder moet aan die Eldo-kunstefees deelgeneem het.
- Dansers wat in 'n solo hierdie punte behaal, word hoër geag as leerders wat die punte in groepitems verwerf.
- Indien 'n danser kwalifiseer om internasionaal deel te neem, maar nie deelneem nie, kan dié prestasie nie alleen die toekenning van die trofee bepaal nie. Dansers wat wel internasionaal deelneem, word hoër geag.
- Die slaag van 'n senior eksamen met *Honours with Distinction* kan nie op sigself die trofeewenner bepaal nie.
- Die danser se deelname aan skoolaktiwiteite waarby dans betrokke is, tel in die leerder se guns, maar is nie die bepalende faktor nie.

36.5.2 Seniors:

- Geld vir 'n graad 10-, 11- of 12-leerder wat in die betrokke jaar die beste toekennings ontvang het.
- Die leerder moet aan die Eldo-kunstefees deelgeneem het.
- Dansers wat hierdie punte in 'n solo behaal, word hoër geag as leerders wat die punte in groepitems verwerf.
- Indien 'n danser kwalifiseer om internasionaal deel te neem, maar nie deelneem nie, kan dié prestasie nie alleen die toekenning van die trofee bepaal nie. Dansers wat wel internasionaal deelneem, word hoër geag.
- Die slaag van 'n senior eksamen met *Honours with Distinction* kan nie op sigself die trofeewenner bepaal nie.
  Die danser se deelname aan skoolaktiwiteite waarby dans betrokke is, tel in die leerder se guns, maar is nie die bepalende faktor nie.

## 37. CHEERLEADERS

37.1 'n Leerder ontvang erekleure indien hy/ sy:

37.1.1 vir vyf jaar deel van die *Cheerleading*-span vorm.

37.2 'n Leerder ontvang kleure indien hy/ sy:

37.2.1 vir vier jaar deel van die *Cheerleading*-span vorm.

37.3 'n Leerder ontvang meriete indien hy/ sy:

37.3.1 Vir die eerste drie jaar wat 'n leerder deel van die *Cheerleading*-span vorm, ontvang hy/sy elke jaar 'n merietesertifikaat.

## 38. KULTUURPRODUKSIE

38.1 'n Leerder ontvang erekleure indien hy/ sy:

38.1.1 vir twee jaar 'n hoofrol in 'n revue of musiekblyspel vertolk het.

38.2 'n Leerder ontvang kleure indien hy/ sy:

38.2.1 vir een jaar 'n hoofrol in 'n revue of musiekblyspel vertolk het.

38.2.2 vir twee jaar 'n byrol in 'n revue of musiekblyspel vertolk het.

38.3 'n Leerder ontvang meriete indien hy/ sy:

38.3.1 vir een jaar 'n byspeler rol in 'n revue of musiekblyspel vertolk het.

## 39. FOTOGRAFIE

39.1 'n Leerder ontvang erekleure indien hy/ sy:

39.1.1 aanvaar word deur PSSA (Photographic Society of Southern Africa) met sertifikaat van uitnemendheid en onderskeiding (certificate of merit / COM). 'n Portefeulje van tien foto's word ingehandig en beoordeel (gelykstaande aan 10 A+'e) deur 'n paneel van professionele fotograwe.

39.1.2 'n eerste plek behaal of 'n kategoriewenner is op 'n kunswedstryd / kompetisie op provinsiale of nasionale vlak.

39.1.3 ses A+'e (of ses A++'e) (of ses van enige kombinasie A+ en A++) behaal op 'n kunswedstryd / kompetisie. Hierdie geld ook indien die ses simbole by verskillende kunswedstryde / kompetisies behaal word.

39.2 'n Leerder ontvang kleure indien hy/ sy:
- 39.2.1 aanvaar word deur PSSA (Photographic Society of Southern Africa) met sertifikaat van uitnemendheid en meriete. 'n Portefeulje van tien foto's word ingehandig en beoordeel (gelykstaande aan 10 A+'e) deur 'n paneel van professionele fotograwe.
- 39.2.2 vir drie foto's A+ status (COM) verwerf in drie verskillende kategorieë by een buiteskoolse kompetisie wat beoordeel is deur professionele fotograwe.
- 39.2.3 Leerders wie se foto/foto's gekies word om as deel van 'n uitstalling of publikasie buite skoolverband gepubliseer te word.
- 39.2.4 'n foto-wenner in twee of meer kategorieë van enige Buiteskoolse kompetisie is.
- 39.2.5 'n tweede plek behaal op 'n kunswedstryd / kompetisie op provinsiale of nasionale vlak.

39.3 'n Leerder ontvang meriete indien hy/ sy:
- 39.3.1 een A (of twee B's) behaal op 'n kunswedstryd / kompetisie.
- 39.3.2 wenner by Eldo-kunstefees se fotografie-afdeling, mits 80% of meer behaal is.
- 39.3.3 as graadwenner by Eldo-kunstefees en/of Kultuurkarnaval aangewys word, mits 80% of meer behaal is.
- 39.3.4 'n derde plek behaal op 'n kunswedstryd / kompetisie op provinsiale of nasionale vlak
- 39.3.5 'n lid van die Fotografieklub is vir kwartaal een tot kwartaal drie, en 80% van die klasse bygewoon het.

## 40. REDAKSIE

40.1 'n Leerder ontvang erekleure indien hy/ sy:
- 40.1.1 as joernalis 'n artikel of meningsartikel in 'n koerant publiseer.
- 40.1.2 as joernalis/fotograaf/ ontwerper 'n toekenning wen vir 'n artikel/foto/ontwerp wat gekoppel en deel is van die skoolkoerant.
- 40.1.3 vir die volle termyn redakteur was of adjunk-redakteur was vir drie jaar.
- 40.1.4 vir die volle termyn deel van die redaksiespan was vir vier jaar,

40.2 'n Leerder ontvang kleure indien hy/ sy:
- 40.2.1 vir die volle termyn redakteur was of adjunk-redakteur was vir twee jaar.
- 40.2.2 vir die volle termyn deel van die redaksiespan was vir drie jaar,

40.3 'n Leerder ontvang meriete indien hy/ sy:
- 40.3.1 vir die volle termyn (een jaar of twee jaar) deel van die redaksiespan was.

# Leerdersake

## 41. VOORTREKKERS

41.1 'n Leerder ontvang erekleure indien hy/ sy:
- 41.1.1 as presidentverkenner aangewys word.

Let wel: Die presidentverkenner-toekenning word slegs in Graad 12 toegeken, en behels 'n nasionale assessering.

41.1.2 vir die derde keer vir kleure kwalifiseer.

41.2

'n Leerder ontvang kleure indien hy/ sy:

41.2.1 as graad 11- of 12-leerder as hoofleierswag of kommando-leier verkies word.

41.2.2 as hulle 120 of meer ABC-punte (akkumulerend) verwerf.

41.2.3 vir die derde keer vir meriete kwalifiseer.

41.3

'n Leerder ontvang meriete indien hy/ sy:

41.3.1 as hulle 'n skei in die jaar verwerf, een gebiedsaktiwiteit voltooi het, en meer as 45 ABC-punte per jaar verwerf het.

## 42. LEIERSKAP

42.1 Algemene beginsels:

42.1.1 Dit is die verantwoordelikheid van die afrigters van sportspanne om die name van span kapteine deur te stuur na die persoon in beheer van die afdeling leierskap.

42.1.2 'n Leerder se hele leierskap profiel word in ag geneem en slegs die hoogste toekenning sal gemaak word.

42.1.3 Leierskap bestaan uit: VLR (Verteenwoordigende Leerderraad) Graad 8 – 12 en kaptein / leier van sportspan of kultuuraktiwiteit.

42.1.4 Lede van die VLR wat tydens hul ampstermyn skuldig bevind word aan Skedule 1 of 2 wangedrag, sal nie erkenning vir VLR vir die betrokke jaar ontvang nie.

42.1.5 Lede van die VLR slegs erkenning vir leierskap ontvang indien hul getroue diens gedoen het – ten minste drie aande of naweekfunksies.

42.2 'n Leerder ontvang erekleure indien hy/ sy:

42.2.1 tot die Graad 12 VLR verkies word.

42.2.2 vir vier of meer jare op die VLR dien.

42.2.3 vir drie of meer jare as 'n hoofleier van 'n graad dien.

42.2.4 vir vyf jaar 'n spankaptein van 'n span is.

42.3 'n Leerder ontvang kleure indien hy/ sy:

42.3.1 vir drie jaar op die VLR gedien het.

42.3.2 vir drie jaar 'n spankapteine / leier van 'n span/aktiwiteit was (bv. 0/14, 0/15 & 0/16).

42.3.3 vir twee jaar 'n hoofleier /graadleier van die VLR is.

42.3.4 vir twee kwartale in Graad 8 en 9 'n hoofleier van die VLR was.

42.4 'n Leerder ontvang meriete indien hy/ sy:

42.4.1 vir een of twee jaar op die VLR dien.

42.4.2 in graad 8 – 12 vir een en of twee jaar 'n span kapteine is van 'n sportspan of leier van 'n kultuuraktiwiteit.

## 43. DIENSLEWERING (NOODHULP)

Toekennings vir noodhulp word gemaak na aanleiding van punte verdien volgens onderstaande skaal asook die noodhulpvlak wat die leerder reeds behaal het.

43.1 'n Leerder ontvang erekleure indien hy/ sy:

43.1.1 vir 'n tweede jaar 300 punte en 'n vlak 2 of 3 noodhulpsertifikaat behaal kan hy/sy erekleure verdien.

43.2 ‘n Leerder ontvang kleure indien hy/ sy:

43.2.1 vir een jaar 300 punte bymekaar gemaak het ‘n vlak 2 of 3 noodhulp-sertifikaat behaal kan hy/sy kleure verdien.

43.2.2 minstens 300 punte verdien het vir ‘n derde jaar, maar steeds ‘n vlak 1 noodhulpsertifikaat het.

43.3 ‘n Leerder ontvang meriete indien hy/ sy:

43.3.1 minstens 300 punte verdien het vir een jaar, en ‘n vlak 1 noodhulpsertifikaat besit.

43.3.2 minstens 300 punte verdien het vir ‘n tweede jaar, maar steeds ‘n vlak 1 noodhulpsertifikaat besit.

## 44. OMGEELEIER (JEUGBERADERPROGRAM)

Die toekenning word gemaak gebaseer op bewysbare ure van diens en verpligte opleiding. Die diensure sluit alle gemeenskapswerk, beradings-, ondersteunings- en verwante aktiwiteite in, soos deur die program vereis.

44.1 ‘n Leerder ontvang erekleure indien hy/ sy:

44.1.1 vir ’n minimum van vier jaar aktief bydra tot die funksionering en sukses van die skool se jeugberadersprogram as ’n omgee-leier. Om hiervoor te kwalifiseer moet ’n leerder ’n minimum van 120 ure per jaar diens lewer.. ’n Leerder kan dus twee maal kwalifiseer vir erekleure (graad 11/12).

44.2 ‘n Leerder ontvang kleure indien hy/ sy:

44.2.1 ‘vir ’n minimum van drie jaar aktief bydra tot die funksionering en sukses van die skool se jeugberadersprogram as ’n omgee-leier. Om hiervoor te kwalifiseer moet ’n leerder ’n minimum van 80 ure per jaar diens lewer.

44.3 ‘n Leerder ontvang meriete indien hy/ sy:

44.3.1 vir ’n minimum van een/twee jaar aktief bydra tot die funksionering en sukses van die skool se jeugberadersprogram as ’n omgee-leier. Om hiervoor te kwalifiseer moet ’n leerder ’n minimum van 40 ure per jaar diens lewer.

## 45. DIENSLEWERING (IKT-RAAD)

‘n Leerder kan net in Graad 11 of 12 op die IKT-raad dien. Om die leerder se dienslewering te erken, sal die leerder vir elke jaar wat hy/sy op die IKT-raad dien, ‘n meriete-sertifikaat ontvang. ‘n Meriete-sertifikaat is dus die hoogste toekenning wat dus hiervoor ontvang kan word.

## 46. DIENSLEWERING (OUDIOVISUEEL)

46.1 ‘n Leerder ontvang erekleure indien hy/ sy:

46.1.1 vir ‘n minimum van vier jaar aktief bydra tot die funksionering en sukses van die oudiovisuele span. Om hiervoor te kwalifiseer moet ‘n leerling die minimum van 180 ure per jaar diens lewer. Hierdie ure is slegs van toepassing op werk gelewer buite skool ure. Leerder kan dus twee maal kwalifiseer vir erekleure (graad 11/12).

46.2 ‘n Leerder ontvang kleure indien hy/ sy:

46.2.1 vir ‘n minimum van drie jaar aktief bydra tot die funksionering en sukses van die oudiovisuele span. Om hiervoor te kwalifiseer moet ‘n leerling die minimum van 140 ure per jaar diens lewer. Hierdie ure is slegs van toepassing op werk gelewer buite skool ure.

46.3 ‘n Leerder ontvang meriete indien hy/ sy:

46.3.1 vir ‘n minimum van een / twee jaar aktief bydra tot die funksionering en sukses van die oudiovisuele span. Om hiervoor te kwalifiseer moet ‘n leerling die minimum van 100 ure per jaar diens lewer. Hierdie ure is slegs van toepassing op werk gelewer buite skool ure.

46.4 Spesiale toekenning – trofee:
Dit word toegeken aan die leerder wat die meeste ure (minimum 180 ure per jaar) aktief by die funksionering van die oudiovisuele span bygedra het. Hierdie leerling maak ‘n daadwerklike verskil aan die kwaliteit dienslewering van die oudiovisuele span. Hy of sy toon besondere toewyding aan hierdie aktiwiteit. Hierdie leerling is ‘n ambassadeur vir Hoërskool Eldoraigne.

## 47. BETROKKENHEID

Betrokkenheid word bepaal deur die kredietpunte van die Handel-en-Wandel stelsel. Dit word klinies beoordeel gebaseer op ‘n glyskaal van krediete teenoor debiete. Let wel: Onderskeid word getref tussen ernstige oortredings (Skedule 1 of 2) en nie-ernstige, oortredings. ‘n Leerder wat hom/haarself skuldig maak aan ernstige wangedrag en skuldig bevind word, kwalifiseer nie vir die toekenning nie.

47.1 ‘n Leerder ontvang erekleure indien hy/ sy:

47.1.1 vir elke 1000 krediete, mag ‘n leerder 100 debiete op sy/haar gedragsrekord hê en steeds die erekleure-toekenning ontvang. Die maksimum debiete wat ‘n leerder wat erekleure ontvang volgens die onderstaande glyskaal is dus 250 debiete.
100 debiete – 1000 krediete
150 debiete – 1500 krediete
200 debiete – 2000 krediete
250 debiete – 2500 of meer krediete

47.1.2 vir die derde opeenvolgende jaar vir kleure kwalifiseer.

47.2 ‘n Leerder ontvang kleure indien hy/ sy:

47.2.1 700 tot 990 krediete verwerf, en 100 of minder debiete het.

47.2.2 vir die derde opeenvolgende jaar vir meriete kwalifiseer.

47.3 ‘n Leerder ontvang meriete indien hy/ sy:

47.3.1 500 tot 690 krediete het én 50 of minder debiete ontvang.

47.4 Eldo-Betrokkenheid Toekenning:
‘n Leerder wat vir erekleure vir betrokkenheid kwalifiseer, en die hoogstenetto krediete in die graad behaal het, en op ten minste drie vlakke presteer: Akademie (gemiddeld bo 75%), Sport (minimum 250 punte) en Kultuur (minimum 250 punte) en die res tot 'n minimum van 1000 punte opmaak met ander aktiwiteite.

## 48. SKOOLBESOEK

48.1 ‘n Leerder ontvang erekleure indien hy/ sy:

48.1.1 vir vyf jaar (Graad 8 – 12) 100% skoolbesoek.

48.2 ‘n Leerder ontvang kleure indien hy/ sy:

48.2.1 vir drie jaar of vier jaar in die hoërskool 100% skoolbesoek.

48.3 ‘n Leerder ontvang meriete indien hy/ sy:

48.3.1 100% skoolbesoek vir een jaar.

48.4 Spesiale toekenning

Dit word toegeken aan ‘n leerder wat vir 12 jaar (Graad 1 – 12) 100% skoolbesoek (Leerder moet sy laerskool skoolbesoek sertifikaat van 7 jaar inhandig).

## 49. SANGSPAN

Die sanggroeporganiseerder sal jaarliks die verpligte optredes vir die sanggroep kommunikeer, en ’n leerder moet ten minste 80% van alle oefeninge en optredes bywoon om vir die onderstaande toekenning te kwalifiseer.

49.1 ‘n Leerder ontvang erekleure indien hy/ sy:

49.1.1 vir vyf jaar deel van die sanggroep is.

49.2 ‘n Leerder ontvang kleure indien hy/ sy:

49.2.1 vir vier jaar deel van die sanggroep is.

49.3 ‘n Leerder ontvang meriete indien hy/ sy:

49.3.1 Vir die eerste drie jaar wat ‘n leerder deel van sanggroep is ontvang hy/sy elke jaar ‘n merietesertifikaat.

## 50. SENTRUM VAN UITNEMENDHEID

**50.1 VLIEGAKADEMIE**

Die Sentrum van Uitnemendheid, in samewerking met die Vliegakademie, het die volgende riglyne saamgestel vir meriete, kleure en erekleure by Hoërskool Eldoraigne:

- Meriete: Vlak 1 Vliegkunde (skryf, ure en slaag)
- Kleure: Vlak 2 Vliegkunde (skryf, ure en slaag)
- Erekleure: Vlak 3 Vliegkunde (skryf, ure en slaag)

**50.2 FRANS**

Die Sentrum van Uitnemendheid, in samewerking met die Alliance Française, het diee volgende riglyne saamgestel vir meriete, kleure en erekleure by Hoërskool Eldoraigne:

- Meriete: Delf-eksamen 1 (skryf en slaag)
- Kleure: Delf-eksamen 2 (skryf en slaag)
- Erekleure: Delf-eksamen 3 (skryf en slaag)

Die Delf-eksamens word deur die Alliance geadministreer en geëvalueer. Leerders kry ’n sertifikaat by die Alliance na die voltooiing van elke eksamen wat as bewys ingedien moet word.

## 51. BELEIDSPESIFIKASIES

**51.1 TITEL VAN BELEID**
Beleid Vir Die Toekenning Van Merietes

**51.2 KORT TITEL**
Reglement / Merietebeleid

**51.3 INWERKINGTREDINGSDATUM:**
Datum van ondertekening deur die Voorsitter van die Beheerliggaam.

**51.4 HERSIENING**

51.4.1 Die Beheerliggaam moet die Meriete-beleid minstens elke drie jaar hersien, of wanneer omstandighede dit vereis, of op versoek van die Hoof van Departement, met inagneming van toepaslike wetgewing en relevante beleidsbepalings.

51.4.2 Indien 'n voorgestelde verandering nie die wysiging van die totale beleid noodsaak nie, maar slegs 'n spesifieke klousule raak, kan sodanige verandering tydens 'n Beheerliggaamvergadering bekragtig word en as 'n addendum tot die beleid dien tot en met die volgende formele hersiening van die beleid.

51.4.3 **Wysigingsgeskiedenis:** (Spesifiseer datum(s))
Maart 2015
September 2019
Februarie 2022
September 2023
September 2024
Maart 2026

**Datum van volgende hersiening:** (Spesifiseer datum)
Maart 2028

**51.5**

| **GOEDKEURING DEUR BEHEERLIGGAAM:** | | | |
|---|---|---|---|
| **(BL VOORSITTER)**<br><br>**NAAM:** | Mnr. P Fourie | **HANDTEKENING:** | |
| **DATUM:** | _____ April 2026 | Soos bekragtig op BL-vergadering.<br>Notule: 20 April 2026 | |
| **GOEDKEURING DEUR SKOOLBESTUUR:** | | | |
| **(HOOF)**<br><br>**NAAM:** | Mnr. PR Smith | **HANDTEKENING:** | |
| **DATUM:** | _____ April 2026 | | |

**SKOOLSTEMPEL**